

3 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Petrus 5:1-7

Wees onderdanig aan mekaar

Die hele wêreld raas en skreeu oor hul demokratiese regte.

Petrus gee aan die ouderlinge die opdrag: “Pas die kudde van God wat aan julle toevertrou is, goed op.” Hy gee aan hulle enkele voorskrifte in verband met hierdie “oppas”: Hulle moet dit nie uit dwang doen nie, maar *gewillig*; nie om eie gewin nie, maar uit *toegewydheid*; nie uit baasspelerigheid nie, maar deur hulle *voorbeeld*. Hy lê groot klem op onderdanigheid. Dit is ‘n gesindheid wat ‘n mens vind by hulle wat in die regte verhouding tot God leef. Onderdanigheid is dus ook ‘n kenmerk van die onderlinge verhouding onder Christene. Onderdanigheid wat afgedwing word, dra slegs die skyn van onderdanigheid. Petrus sê dus (vers 5): “Almal moet trouens teenoor mekaar nederig wees en mekaar help want ‘God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade.”

Hoe word hierdie Christelike deug teenoor God en jou medemens geopenbaar? Die antwoord vind ons in vers 6: “Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het.”

Onderdanigheid moet as gesindheid aangekweek word. Die oueres dra ook die verantwoordelikheid vir die onderdanigheid van die jongeres. Is oueres besig om – na die eis van God se Woord – onderdanigheid by die jongeres te stimuleer? Jongeres én oueres moet mekaar in onderdanigheid aan God vind sodat hulle hul roeping kan vervul. Ons voorbeeld is Jesus. Hy was onderdanig tot in die dood. Sy Vader het Hom egter verhoog tot Verlosser aan sy regterhand (Hand 5:31).

Dit is dus nie demokratiese regte wat opgeëis moet word nie, maar teokrasie wat gelowig aanvaar moet word.

Ds S Hibbert (Koster)